**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2013

# RELIGIESTUDIES V2

**PUNTE:** 150

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

2. Beantwoord slegs DRIE vrae van jou keuse.

3. Lees AL die vrae versigtig deur voordat jy die DRIE vrae kies.

4. Wanneer jy die vrae beantwoord moet die nommeringstelsel van hierdie vraestel gebruik word.

5. Skryf netjies en leesbaar.

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 1**

1.1 Met verwysing na EEN gekose godsdiens, verduidelik die volgende konsepte:

1.1.1 Kontemporêre inspirasie (20)

1.1.2 Heilige boek (20)

1.2 Verduidelik die hermeneutiese beginsels om die normatiewe bronne van EEN godsdiens te interpreteer. (10)
**[50]**

**VRAAG 2**

Bespreek die sentrale leringe van enige EEN godsdiens onder die volgende opskrifte:

2.1 Aard van goddelikheid (10)

2.2 Aard van die wêreld (10)

2.3 Plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld (10)

2.4 Oorsprong van die bose (10)

2.5 Lewe na die dood (10)
**[50]**

**VRAAG 3**

Lees die volgende aanhaling en beantwoord die vrae wat daarop volg:

"Die 19de-eeuse teorie van biologiese evolusie, 'n wetenskaplike teorie, het 'n potensiële bedreiging vir die Christendom se begrip van die skepping van die mens ingehou. Christene glo dat mense na die beeld van God geskape is."

[Aangepas uit: *Shuter Religion Studies Grade 12*, Hofmeyr *et al*, Bladsy 69]

3.1 Bespreek die verhouding tussen godsdiens en wetenskap. (10)

3.2 Verduidelik die impak wat Darwin se teorie oor evolusie op die skepping, volgens die Christelike geloof, gehad het. (20)

3.3 Vergelyk die lering van EEN godsdiens oor goddelikheid en die skepping van die heelal met die *Big Bang*-teorie. (20)
**[50]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 4**

Kies en bespreek enige SOSIALE PROBLEEM onder die volgende sub-hoofde wat tans in jou gemeenskap voorkom:

4.1 'n Kort, relevante inleiding (6)

4.2 Die oorsake van die sosiale probleem (6)

4.3 Faktore wat bydra tot hoe dit versprei (10)

4.4 Verwys na die leringe van ten minste TWEE godsdienste om oplossings te illustreer vir die sosiale probleem wat jy gekies of geïdentifiseer het. (10)

4.5 Praktiese stappe of strategieë om dit aan te spreek. (18)
**[50]**

**VRAAG 5**

Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Die eerste Wêreldparlement van Godsdienste was in 1893 in Chicago gehou. Die tweede, 'n baie groter parlement was in 1993, ook in Chicago gehou. Die laaste soortgelyke parlement van die wêreld se godsdienste was in 2004 in Barcelona, Spanje, gehou. Elke parlement was groter as die vorige een. Dit dui op die groei van inter-religieuse dialoog. |

5.1 Identifiseer en bespreek TWEE temas wat jy beskou as belangrike onderwerpe vir 'n wêreldparlement van godsdienste. Gee redes vir jou keuses. (20)

5.2 Bespreek TWEE moontlike uitkomste (of resultate) wat jy van so 'n konferensie sal verwag. (12)

5.3 Beskryf die godsdienstige samestelling in jou gemeenskap en verduidelik die behoefte vir inter-religieuse dialoog. (8)

5.4 Suid-Afrika het sedert 1994 nie ernstige gevalle van godsdienstige konflik nie. Watter stappe het die Suid-Afrikaanse regering geneem om vreedsame naasbestaan tussen die verskillende godsdienste in die land te verseker? (10)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Downloaded from eduresourceza.com